

Inhoudsopgawe

1. Voorsittersverslag
2. Finansiële state
3. Markinsig
4. Fondsbeleggings
5. Wat jou te doen staan in 'n tyd soos nou
6. Die Fonds se versterk-beleggingstrategie
7. Beleggingsopsies
8. Veranderings aan USAF se bydrae-opsies
9. Goedgekeurde sterftevoordeel in USAF
10. Sanlam Retirement Fund Web en Sanlam-app – jou toegang tot USAF
11. Finansiële advies
12. Belangrike kontakbesonderhede

I. Voorsittersverslag

Hierdie jaar is stellig een van die moeilikste jare wat ons as individue asook as groep tot dusver moes trotseer. Ek hoop almal was veilig oor die afgelope paar maande en ek wens ieder en elk sterkte toe in hierdie tyd. Die pandemie het verskeie struikelblokke geskep en ons wêreld heeltemal omgekeer, maar uiteindelik is dit ons gesondheid wat die belangrikste is.

Baie van julle is reeds bewus van die uitwerking van COVID-19 op ons Fonds. Uit 'n beleggingsoogpunt is die Fonds se beleggingsopbrengste beduidend geraak deur die inperkings wat internasionaal sowel as plaaslik ingestel is. Die pandemie het veroorsaak dat die markte in Maart 2020 getuimel het, maar hulle het sedertdien heel goed herstel. Afdelings 3 en 4 gee 'n grondige verduideliking van wat in die markte gebeur het. Ondanks die onbestendige marktoestande het die USAF-portefeuljes egter nog steeds baie goed gevaar in vergelyking met hul portuurgroep.

Ons ouditeure het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag ten opsigte van die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 uitgereik. Die finansiële state is onlangs deur die

Raad van Trustees goedgekeur en by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

Die Raad van Trustees is daartoe verbind om Fondsverwante sake met toewyding te bestuur, ondanks die beperkings wat die pandemie inhou. In hierdie omstandighede is die bestuur van die Fonds belangriker as ooit tevore, terwyl ons probeer terugkeer na die posisie voor die pandemie. Julle kan gerus wees dat die inperking nie die doeltreffende bestuur van die Fonds en die trustees se bestuurstoesig oor die Fonds ontwrig het nie.

Teen die agtergrond van die COVID-19-pandemie en die uitwerking daarvan, gee afdeling 5 'n paar wenke om deur hierdie moeilike tyd te kom.

Groete

Prof N Krige
Voorsitter



2. Finansiële state


Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 is aan die oudit- en risikosubkomitee van die Raad van Trustees voorgelê. USAF se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die oudit- en risikosubkomitee die finansiële state goedgekeur en die state by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

3. Markinsig

Hoe het markte tot en met 30 Junie 2020 presteer?

Die tabel hieronder toon die belangrikste indeksopbrengste oor verskillende metingstydperke geëindig 30 Junie 2020.

Belangrike indeksopbrengste vir tydperke van tot 5 jaar



		SA Aandele (ALSI)	SA Eiendom	SA Kontant	SA Effekte	SA Infl.gek. Effekte	Int. Aandele Ontw.M	Int. Aandele Ontl.M	Int. Eiendom	Int. Effekte	USD / ZAR	Inflasie
3-maande		23.2%	20.4%	1.5%	9.9%	4.7%	16.0%	14.9%	7.3%	-0.7%	-2.7%	-0.6%
1 jaar		-3.3%	-40.0%	6.9%	2.8%	-3.3%	25.8%	19.0%	4.2%	28.9%	23.2%	2.2%
3 jaar		5.1%	-18.3%	7.2%	8.1%	0.7%	16.6%	11.9%	9.1%	14.2%	9.9%	3.7%
5 jaar		4.2%	-9.1%	7.2%	7.5%	2.1%	14.4%	10.5%	9.8%	11.4%	7.4%	4.5%

Die goeie nuus is dat, soos dikwels gebeur, finansiële markte effens herstel het in die tweede kwartaal van 2020. SA aandele, SA eiendom, internasionale aandele en die aandele van ontluikende markte het sterk presteer gedurende die kwartaal.

Hoe het die Fonds se lewensfase-portefeuljes gevaar tot 30 Junie 2020?

Die tabel hieronder toon die opbrengste wat gedurende die afgelope ses maande en jaartydperk tot 30 Junie 2020 verdien is op die Fonds se drie beleggingsportefeuljes wat die lewensfase-model volg.

Tydperk	Groeiportefeulje	Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje	Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje
Jan-2020	1.6%	2.1%	1.3%
Feb-2020	-4.7%	-3.4%	-0.7%
Mrt-2020	-11.5%	-9.5%	-7.0%
Apr-2020	11.3%	8.2%	5.5%
Mei-2020	0.4%	1.1%	1.6%
Jun-2020	3.1%	2.9%	1.6%
Jaar tot dusver	-1.3%	0.5%	1.8%
Een jaar	2.6%	5.7%	6.1%

Dit is duidelik dat al drie portefeuljes baie goed gevaar het in April 2020, en daarna ook redelike opbrengste vir Mei en Junie 2020 aangeteken het. Beide die Absolute Opbrengsportefeuljes toon positiewe opbrengste vir die jaar tot dusver, terwyl die Groeiportefeulje nog steeds effens negatief is oor hierdie tydperk. Al drie portefeuljes toon positiewe opbrengste vir die jaartydperk geëindig 30 Junie 2020.

So waarheen nou?

- Die langtermyngeskiedenis van finansiële markte toon dat die markte nog altyd mettertyd herstel het en beter gevaar het as om net die verliese van vorige markkineenstortings in te haal, hoewel dit natuurlik nie gewaarborg kan word nie. Herstel van enige ekonomiese krisis verg geduld, en ons reken dat nog meer geduld nodig gaan wees om uit hierdie besondere krisis te kom. As jy nie naby aftrede is nie (meer as ses jaar oor het), kan jy 'n mate van gerusstelling kry in die wete dat jy tyd het om jou aftreespaargeld te laat herstel. Onthou jy nog hoe mistroostig sake gelyk het gedurende die finansiële krisis van 2008, en hoe die markte in die jare daarna herstel het? Tyd is aan jou kant.
- As jy aftree-ouderdom bereik het, is daar ook 'n bietjie goeie nuus. As gevolg van die hoër effektekoerse sedert Maart 2020, is dit nou goedkoper om 'n pensioeninkomste te koop as wat dit ongeveer ses maande gelede was. Selfs al het die waarde van jou aftreespaargeld effens geval of min of meer op dieselfde vlak gebly die afgelope ses maande, is jy dus nie noodwendig swakker daaraan toe nie, aangesien jy waarskynlik 'n soortgelyke of selfs nog 'n beter inkomstevlak sal kan bekostig as voor die markkineenstorting in Maart 2020.
- As jy ses jaar of minder tot normale aftree-ouderdom oor het, en met die aanname dat jy in die lewensfase-model van die Fonds belê is, sal jou aftreespaargeld mettertyd na 'n minder riskante beleggingskanaal oorgeplaas word om verdere beskerming aan jou spaargeld te verleen terwyl jy nader aan aftrede beweeg.


Daar is nog heelwat onsekerheid, omdat dit op hierdie stadium nie duidelik is hoe of wanneer die coronavirus gestuit sal word of hoe ekonomiese aktiwiteit op die verskillende stimulerings- en verligtingspakkette wat deur regerings verskaf is, sal reageer nie. Dit is dus moontlik dat die omvang van die skade wat ekonomiese as gevolg van die inperkings gely het, nog nie ten volle in die finansiële markte weerspieël word nie. Beleggingsmarkte sal miskien vir 'n geruime tyd nog nie ten volle herstel nie en steeds redelik groot swaai in albei rigtings ondervind (ons noem dit wisselvalligheid), terwyl beleggers op veranderende omstandighede reageer.

4. Fondsbeleggings

Groeiportefeulje

Die Groeiportefeulje bestaan uit beide 'n plaaslike en 'n buitelandse komponent. Die plaaslike komponent is in gelyke dele tussen die volgende beleggingsbestuurders verdeel: Allan Gray, Coronation en Investec. Neem asseblief kennis dat verskille in die bestuurders se beleggingsopbrengs van tyd tot tyd veranderings in toewysings aan bestuurders meebring. Die buitelandse komponent word deur Willis Towers Watson bestuur.

Die samestelling van die Groeiportefeulje volgens bestuurderoewysings was op 30 Junie 2020 soos volg:



Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die Groeiportefeulje se opbrengste (na aftrekking van fooie) tot 30 Junie 2020:

Tydperk	Groeiportefeulje	Verwysingsportefeulje	Inflasie plus 5%
12 maande	2.6%	0.2%	7.8%
36 maande	5.4%	4.9%	8.9%
60 maande	6.6%	5.0%	9.6%

Die Groeiportefeulje het oor die tydperke van 12, 36 en 60 maande beter gevaar as die verwysingsportefeulje, wat 'n baie gunstige uitkoms is.

Vir meer inligting omtrent al die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus <http://www.retirementfundweb.co.za>.

Ander beleggingsportefeuiljes

Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die opbrengste (na aftrekking van fooie) van USAF se ander portefeuiljes op 30 Junie 2020:

Portefeuilje	Aanvangsdatum	Opbrengs oor 12-maandetydperk	Inflasie oor 12-maandetydperk	Opbrengs sedert aanvang (p.j.)	Inflasie sedert aanvang (p.j.)
Aggressiewe Absolute	01/02/2017	5.7%	2.8%	6.6%	4.1%
Konserwatiewe Absolute	01/02/2017	6.1%	2.8%	7.4%	4.1%
Kapitaalbeskerming	01/04/2009	8.2%	2.8%	7.5%	5.0%
Shari'ah	01/12/2017	-1.4%	2.8%	2.3%	4.1%

Die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuiljes het reële opbrengste van onderskeidelik 2.5% en 3.3% p.j. behaal oor die drie jaar en vyf maande sedert aanvang.

Totale Onkosteverhouding (TOV)

Die geraamde Totale Onkosteverhouding (TOV) vir die Groeiportefeuilje is **0.50%**. Die geraamde TOV vir die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuiljes is onderskeidelik **0.88%** en **0.86%** p.j.

Die TOV is 'n geannualiseerde waarde (tipies gemeet oor 'n deurlopende driejaartydperk of sedert aanvang, en uitgedruk as 'n %) en sluit die volgende in:

Jaarlikse batebestuursfooie, batebestuurderprestasiefooie (as daar is), bankkoste, ouditfooie, belasting (bv. BTW), bewaarder- en trusteefooie, en koste in verband met die uitlening van sekuriteite (as daar is).

5. Wat jou te doen staan in 'n tyd soos nou

Die uitbreking van COVID-19 het ongetwyfeld ons hele wêreld verander, en geweldige mediese, ekonomiese en humanitêre uitdagings geskep. Die implikasies van die COVID-19-pandemie is groter as wat enigiemand kon voorsien en sal beslis nog baie jare 'n uitwerking op ons lewens hê.

Hierdie onsekerheid het ook tot heelwat introspeksie gelei, en baie van ons probeer vrae beantwoord soos:

- Sal ek of een van my geliefdes die siekte kry?
- Sal ek my werk of inkomstesekuriteit verloor? (geen werk, geen geld)
- Hoe sal dit my aftreefonds en ander spaargeld raak?

Dit is almal belangrike vrae, en dis nie maklik om die regte antwoorde te kry nie. Dit is nou, meer as ooit tevore, tyd om te keer dat emosies die oorhand kry, wat veroorsaak dat mens die verkeerde besluite neem – veral wat jou aftree- en ander spaargeld betref.

“Jy kan vandag in die skaduwee van 'n boom sit omdat iemand anders lank gelede die boom geplant het.”

Dit is die woorde van Warren Buffett, 'n Amerikaanse belegger, sakemagnaat en filantroop, wat die voorsitter en uitvoerende hoof is van Berkshire Hathaway. Hy word as een van die suksesvolste beleggers in die wêreld beskou en in Desember 2019 was sy netto waarde VS\$88.9 miljard, wat beteken hy is die vierde-rykste persoon in die wêreld.

Wat moet ek nou doen?

In tye soos hierdie voel dit teen-intuïtief om eenvoudig niks te doen nie. Dit is egter waarskynlik die beste advies vir die langtermyn-aftreebelegger. Terwyl 'n aftreefonds 'n langtermynbelegging is, moet beleggers geduldig wag dat tydperke van negatiewe opbrengste verbygaan.

Moenie in die versoeking kom om oorhaastige veranderings aan jou beleggingsportefeuilje aan te bring nie. Die risiko is dat jy dan 'n markherstel kan misloop, wat 'n vernietigende uitwerking op jou spaargeld kan hê oor die lang termyn.

Wat jy nou moet doen, is om op die verantwoordelike benadering te konsentreer, soos om die volgende te doen:

- Pas jou begroting aan en maak seker dis nog geskik – trek die gordel stywer in waar moontlik.
- Maak seker jou benoemde begunstigdes is op datum.
- Maak seker jou risikovooredele is nog geskik – dit is nie nou die tyd om jou versekering te kanselleer nie.
- Maak seker jy het 'n langtermyn-beleggingstrategie en -doelwit, en hou daarby.
- Gesels met 'n finansiële adviseur wat 'n holistiese siening van jou finansiële posisie sal hê.

Ons wil jou verseker dat die beleggingskundiges van die Fonds absoluut daarop toegespits is en hul bes doen om jou aftreespaargeld te beskerm en ook langtermyn-opbrengste vir jou te lewer.

Beleggings verg geduld

Warren Buffett is 'n goeie voorbeeld van 'n geduldige langtermynbelegger, en hy reken beleggings is baie soos om 'n boom te laat groei. Mens plant miskien vandag die saad, maar die natuurkragte is al wat nodig is om die boom te laat groei. Jy grawe dit nie uit en bêre dit in jou motorhuis wanneer die winter aanbreek nie. En alhoewel die boom sy blare kan verloor en 'n seisoen lank ophou groei, gaan dit nie dood nie, maar loop weer uit in die lente. Gee die boom genoeg ruimte, lig en tyd – en laat dit dan sy eie gang gaan. Jy sal uiteindelik baie jare moet wag om die skaduwee te geniet.

Net so glo ons dat dit glad nie nodig is om in hierdie onseker seisoen radikale veranderings aan jou aftreebeleggings aan te bring nie. Maak eerder seker dat jy in 'n gepaste langtermynstrategie belê is, en wag dat hierdie storm verbygaan.

Hopelik sal jou geduld en goeie beleggingsbesluite jou in die jare vorentoe help om die skaduwee van 'n gerieflike aftrede te kan geniet.

Maar wat moet ek doen as ek binnekort aftree?

Om jou beleggings onveranderd te hou en by die langtermyn-beleggingstrategie te bly, klink goed vir jonger lede, maar as jy binnekort aftree, kan jy tereg bekommerd wees dat daar miskien nie genoeg tyd is vir jou beleggings om van die onlangse verliese in die finansiële markte te herstel nie. Dit is 'n geldige rede tot kommer.

Dit is egter belangrik om te onthou dat die annuïteit wat jy by aftrede koop nie net van die waarde van jou aftreespaargeld afhang nie, maar ook van die koste om 'n annuïteit te koop op die tydstop wanneer jy aftree. Die koste om 'n annuïteit te koop wissel met verloop van tyd, en word meestal bepaal deur die veranderings in rentekoerse op staatseffekte. Dit beteken die prys om 'n annuïteit te koop kan ook daal.

Die beste manier om goeie besluite oor jou finansiële toekoms te neem, is om professionele advies in te win. Hoewel ons vriende en familie dit goed bedoel, kan die advies van 'n ongekwalfiseerde persoon tot geldelike verliese lei. USAF bied 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede van 53 en ouer. Gesels met 'n finansiële adviseur van een van die vyf voorkeurfirmas om jou met die moeilike besluite oor jou beleggings en finale keuses by aftrede te help.

Gaan jy binnekort bedank of aftree?


Dit is baie belangrik dat jy al jou opsies en die gevolge van jou besluite oor jou aftreespaarfondse verstaan wanneer jy bedank of aftree. USAF bied 'n persoonlike aftreevoordeel-voorligtingsdiens aan lede voordat hulle die Universiteit se diens verlaat. Die aftreevoordeel-voorligter sal jou beskikbare opsies aan jou verduidelik, asook die belastingimplikasies as jy by beëindiging van diens 'n deel van of die volle fondskrediet in kontant neem.

6. Die Fonds se verstek-beleggingstrategie

Die Fonds bied jou 'n verstek-lewensfasebeleggingsportefeulje waar jou geld tot en met ses jaar voor die normale aftreedatum in die Groeiportefeulje belê word. Jou geld word dan outomaties uit 'n hoëgroei-/hoërisiko- in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer vanaf ses jaar voor aftrede.

Volgens die lewensfase-strategie word die volle fondskrediet vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid 60 jaar oud word, uit die Groeiportefeulje na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas. Dit sal in gelyke dele oorgedra word, by wyse van 25 kwartaalike oordragte. Dit sal tot gevolg hê dat die fondskrediet op die normale aftreedatum in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Die lewensfase-strategie word hieronder grafies verduidelik:



As jy 60 word in 2021, sal jy kommunikasie van USAF ontvang in verband met jou opsies wat beskikbaar is vanaf 1 Januarie 2021.

7. Beleggingsopsies

USAF bied ook ander beleggingsopsies as die verstek-beleggingstrategie aan lede vanaf ouderdom 53.

As jy besluit om die Beleggingskeuse-opsie uit te oefen, kan jy vanaf ouderdom 53 kies om jou fondskrediet in die volgende portefeuljes te belê:



TOT OUDERDOM

53



Neem asseblief kennis: Hierdie model is geskik vir lede wat gemaklik voel oor beleggingskonsepte en hul eie beleggingsbesluite neem. Jy word aangeraai om finansiële advies by 'n gesertifiseerde finansiële adviseur in te win voordat jy jou beleggingskeuse uitoefen of tussen portefeuljes omskakel.

USAF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Old Mutual Albaraka Balanced Shari'ah Portfolio te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie terselfdertyd aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydstip uit die Shari'ah-portefeulje na die lewensfase-beleggingstrategie terugskuif.

8. Veranderinge aan USAF se bydrae-opsies

Die Fondsreëls van USAF is in April 2020 gewysig om aan lede finansiële verligting te bied in die vorm van groter buigsaamheid ten opsigte van hul bydraes tot die Fonds vanaf 1 Mei 2020.

Die minimum bydraekoers vir USAF is verminder tot 5% van pensioengewende salaris (bydraes tot risikovooredele uitgesluit).

Sedert 1 Mei 2020 het lede die geleentheid om hul vergoedingspakket te herstruktureer deur een van die bydraekategorieë hieronder te kies:

Werkgewerbydraes as % van jou pensioengewende salaris*		
5.0%	17.5%	27.5%
7.5%	20.0%	30.0%
10.0%	22.5%	32.5%
12.5%	25.0%	35.0%
15.0%		

*Pensioengewende salaris is gewoonlik 75% van totale koste van indiensneming

Verder, as deel van koste van indiensneming, gaan die maandelikse versekeringspremies vir die dekking van sterfte- en ongeskiktheidsinkomstevooredele onveranderd voort.

Die Raad van Trusteas moedig lede aan om hul bydraes tot USAF te verhoog wanneer hul finansiële situasie herstel.

Die verlaging van bydraes tot die aftreefonds vir 'n kort tydperk sal nie 'n nadelige uitwerking op lede se geraamde pensioenverhouding (GPV) hê nie. Volgehoue lae bydraes sal egter die GPV verminder en meebring dat lede nie genoeg gespaar het om gemaklik te kan aftree en hul lewenspeil gedurende aftrede te kan volhou nie.

Gebruik die **Retirement Calculator** op Sanlam se aftreefonds-webwerf om te sien watter uitwerking jou bydraekoers, beleggingskeuse en aftree-ouderdom op jou pensioen sal hê wanneer jy die normale aftreedatum bereik, wat as jou geraamde pensioenverhouding uitgedruk word.

9. Goedgekeurde sterftevoordeel in USAF

Die versekerde sterftevoordeel in die Fonds bied die volgende voordeel:

- Gade- en kinderpensioen
 - 'n Lewenslange gadepensioen, teen 35% van jou pensioengewende salaris; en
 - 'n Kinderpensioen van 10% van jou pensioengewende salaris, beperk tot drie kinders, tot ouderdom 18 (of 24 indien die kinders heeltjydse studente is). Indien 'n lid geen gade nalaat nie, word die kinderpensioene verdubbel.

OF

- Minstens twee keer jou jaarlikse pensioengewende salaris.

Alle lede wat reeds dekking van vyf keer jaarlikse pensioengewende salaris het, kan opsionele bykomende dekking van twee keer hul pensioengewende salaris uitneem deur middel van die losstaande nie-goedgekeurde skema.

As jy 'n enkellid is wat nie 'n gade en/of kinders het nie, kan jy kies om nie die versekerde Gade- en Kinderpensioendekking in USAF te ontvang nie. Jy het ook die opsie om addisionele dekking van twee keer pensioengewende salaris deur die Groeplewensversekeringskema uit te neem (as jy reeds dekking van vyf keer pensioengewende salaris het).

Indien jy die opsie uitoefen om **geen versekerde Sterftevoordeel in USAF** te hê nie, en later wel **trou en/of kinders kry**, is dit belangrik dat jy **onmiddellik** die versekerde Sterftevoordeel in USAF kies om te verseker dat daar vir jou gade en/of kinders se behoeftes voorsiening gemaak is indien jy te sterwe kom.

Gevallestudie van 'n enkellid wat die opsie van geen versekerde sterftedekking gekies het en wie se omstandighede daarna verander het.

Op 1 Januarie 2019 besluit Marie (30 jaar oud, geen gade of kinders) om nie die goedgekeurde sterftedekking wat deur die Fonds aangebied word, uit te neem nie. Haar jaarlikse pensioengewende salaris is R100 000. Twee maande later raak Marie swanger en in November 2019 word die baba Simon gebore. Marie neem nie onmiddellik die gade- en kinderdekking uit nie. Sy reken sy is nog jonk, en sy kan dit later uitneem wanneer die kind ouer is. Sy weet dat sy ook dekking van vyf keer pensioengewende salaris in die nie-goedgekeurde groeplewensversekeringskema (GLV-skema) het.

Ongelukkig raak Marie vroeg in 2020 siek en sterf in Mei 2020. Sy laat haar kind as die enigste afhanklike agter. Omdat Marie nie die gade- en kinderdekking uitgeneem het toe Simon gebore is nie, is die enigste sterftevoordeel wat deur USAF uitbetaal word haar fondskrediet. Sy het maar vyf jaar gelede by die Universiteit begin werk en op die sterfdatum was haar fondskrediet R50 000.

Kom ons vergelyk die voordeel betaalbaar by Marie se dood sonder dekking vir die gade- en kinderpensioen (scenario 1) met wat betaalbaar kon gewees het indien Marie besluit het om wel die dekking uit te neem net na Simon se geboorte (scenario 2):

Voordeel	Scenario 1	Scenario 2
Nie-goedgekeurde GLV-skema	R500 000 (5 x Jaarlikse Pensioengewende Salaris)	R500 000 (5 x Jaarlikse Pensioengewende Salaris)
Goedgekeurde voordeel in USAF	R0 (Nie gedek nie)	R1 666.67 per maand aan Simon Pensioen betaalbaar tot en met ouderdom 18. Pensioen sal elke jaar met VPI toeneem. <i>Kinderpensioen: 10% van Jaarlikse Pensioengewende Salaris vir elke kind tot ouderdom 18, of 24 indien heeltydse student. Pensioen verdubbel in die geval van geen gade.</i>
Fondskrediet	R50 000	R50 000

In scenario 1 kry Simon slegs R50 000 van USAF, terwyl hy in scenario 2 'n pensioen van **R1 666.67 per maand sou kry, wat elke jaar met VPI verhoog word, tot op ouderdom 18**, plus die **R50 000**. Die gevallestudie illustreer hoe belangrik dit is om die goedgekeurde sterftedekking wat deur USAF aangebied word, uit te neem wanneer 'n enkellid wat aanvanklik nie die dekking uitgeneem het nie, trou en/of 'n kind kry.

Kontak Mensehulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om hierdie opsies uit te oefen.

10. Sanlam Retirement Fund Web en Sanlam-app – jou toegang tot USAF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se Aftreefonds-webwerf en die Sanlam-app (toepassing) te registreer om toegang te hê tot jou persoonlike besonderhede, en ook die beleggingsportefeulje-opbrengste en jou huidige fondskrediet te sien – alles met die klik van 'n knoppie, 24/7. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam via een portaal kan nagaan.

Hoe kry ek toegang tot die aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek www.sanlam.co.za. Klik op *Login* (bo regs) en kies *Secure Services*.
- Kies *Register* en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of jou identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerskode / gebruikersnaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry. Verander die tydelike wagwoord omdat dit net een keer gebruik kan word.

- Bewaar die webwerf as 'n gunsteling in jou blaaiër vir maklike toegang.

Hoe kry ek toegang tot die app?

Laai die **Sanlam My Retirement**-app af van Google Play Store of Apple App Store. Gebruik jou gebruikerskode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou USAF-inligting.

11. Finansiële advies

Ons herinner jou dat USAF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

Die paneel van voorkeurdienverskaffers bestaan uit:

Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:
+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@forbes.co.za

Efficient Wealth:
+27 (0) 21 914 8030 | martin@efw.co.za

Finfocus:
+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 (0)21 947 1028 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

USAF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdienverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

12. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor USAF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree. Kontak die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor USAF het.

Hoofbeampte	Japie Kotzé t. +27 (0)21 808 2754 e. jjsk@sun.ac.za
Voordeelkonsultant	Alfreda April t. +27 (0)21 912 3316 e. alfreda@simekaconsult.co.za
Vergoedings- en Voordele-afdeling	Peter Kirsten t. +27 (0)21 808 3740 e. pkirsten@sun.ac.za
Pensioenfondsberegter (PFB)	e. enquiries@pfa.org.za Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.